


OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA.

OFFICIAL GAZETTE



UITGAWE OP GESAG.

OF SOUTH WEST AFRICA.

PUBLISHED BY AUTHORITY.

10c

Dinsdag 1 Desember 1970

WINDHOEK

Tuesday 1 December 1970

No. 3122

INHOUD

CONTENTS

Bladsy/Page

PROKLAMASIES:—

PROCLAMATIONS:

No. 105	Plaaspad, Distrik Gobabis: Proklamering van	Farm Road, District of Gobabis: Proclamation of	1403
No. 106	Plaaspaaie, Distrikte Maltahöhe en Gibeon: Sluiting van gedeelte van	Farm Roads, Districts of Maltahöhe and Gibeon: Closing of portion of	1404
No. 107	Paaie, Distrik Grootfontein: Sluiting en Proklamering van	Roads, District of Grootfontein: Closing and Proclamation of	1404
No. 108	Plaaspad, Distrik Rehoboth: Sluiting van	Farm Road, District of Rehoboth: Closing of	1405
No. 109	Distrikspad, Distrik Outjo: Sluiting en Proklamering van	District Road, District of Outjo: Closing and Proclamation of	1405
No. 110	Plaaspad, Distrik Outjo: Sluiting van	Farm Road, District of Outjo: Closing of	1405
No. 111	Dorp Pionierspark: Wysiging van Stigtingsvoorwaardes	Township of Pionierspark: Amendment of Conditions of Establishment	1406
No. 112	Paaie, Distrik Warmbad: Proklamering en Sluiting van	Roads, District of Warmbad: Closing and Proclamation of	1406

GOEWERMENSKENNISGEWINGS:

GOVERNMENT NOTICES:

No. 160	Munisipaliteit Lüderitz: Wysiging van Gesondheidsregulasies	Municipality of Lüderitz: Amendment of Health Regulations	1407
No. 161	Munisipaliteit Gobabis: Wysiging van Heffings op Inboorlingbehuising	Municipality of Gobabis: Amendment of Native Housing Levy	1408
No. R1974	(Republiek) Adviserende Haweraad, Walvisbaai: Aanstelling van Lede	(Republic) Advisory Harbour Board of Walvis Bay: Appointment of Members	1408
No. R2026	(Republiek) Doeane- en Aksynswet 1964: Wysiging van Bylae 1 (No. 1/1/40).	(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule 1 (No. 1/1/40).	1409
No. R2027	(Republiek) Doeane- en Aksynswet 1964: Wysiging van Bylae 1 (No. 1/1/41).	(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule 1 (No. 1/1/41).	1411
No. R2028	(Republiek) Doeane- en Aksynswet 1964: Wysiging van Bylae 1 (No. 1/1/42).	(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule 1 (No. 1/1/42).	1411
No. R2029	(Republiek) Doeane- en Aksynswet 1964: Wysiging van Bylae 1 (No. 1/1/43).	(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule 1 (No. 1/1/43).	1414
No. R2030	(Republiek) Doeane- en Aksynswet 1964: Wysiging van Bylae 1 (No. 1/1/44).	(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule 1 (No. 1/1/44).	1414
No. R2031	(Republiek) Doeane- en Aksynswet 1964: Wysiging van Bylae 2 (No. 2/68).	(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule 2 (No. 2/68).	1415
No. R2032	(Republiek) Doeane- en Aksynswet 1964: Wysiging van Bylae 3 (No. 3/243).	(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule 3 (No. 3/243).	1415
No. R2033	(Republiek) Doeane- en Aksynswet 1964: Wysiging van Bylae 3 (No. 3/244).	(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule 3 (No. 3/244).	1416
No. R2034	(Republiek) Doeane- en Aksynswet 1964: Wysiging van Bylae 3 (No. 3/245).	(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule 3 (No. 3/245).	1418

No. R2035 (Republiek) Doeane- en Aksynswet 1964: Wysiging van Bylae 4 (No. 4/73)	(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule 4 (No. 4/73).	1419
No. R2036 (Republiek) Doeane- en Aksynswet 1964: Wysiging van Bylae 4 (No. 4/74)	(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule 4 (No. 4/74).	1419

ALGEMENE KENNISGEWINGS:

No. 69 Dorp Hentiesbaai (Uitbreiding 2): Voorgestelde permanente Sluiting van 'n gedeelte van naamlose Straat	
No. R765 (Republiek) Bouvereningsopgawe — September 1970	

GENERAL NOTICES.

Township of Hentiesbaai (Extension 2): Proposed permanent Closing of Portion of unnamed Street.	1421
(Republic) Building Societies Return — September 1970.	1422

ADVERTENSIES:**ADVERTISEMENTS. 1423****PROKLAMASIES**

DEUR SY EDELE JOHANNES GERT HENDRIK VAN DER WATH, ADMINISTRATEUR VAN SUIDWES-AFRIKA.

EN

DEUR SY EDELE DIRK FREDERIK MUDGE, WAARNEMENDE ADMINISTRATEUR VAN SUIDWES-AFRIKA.

No. 105 van 1970.]

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 5 van die Ordonnansie op Paaie 1962 (Ordonnansie 28 van 1962) verklaar ek hierby dat in die distrik Gobabis die pad, soos beskryf in bylae I hiervan gesluit word en die pad beskryf in bylae II 'n nuwe gedeelte van plaaspad 1625 word.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie die 21ste dag van Oktober 1970.

D. F. MUDGE,
Waarnemende Administrateur.

BYLAE I.

<i>Beskrywing van pad.</i>	<i>Gedeelte gesluit.</i>
Die pad beskryf as plaaspad 1625 in Bylae I van Proklamasie 31 van 1954.	Van 'n punt op plaaspad 1625 naby die oostelike grens van die plaas Indhlunkulu 331 algemeen ooswaarts oor die plase Indhlunkulu 331 en Manina 335 tot waar dit aansluit by grootpad 58 op laasgenoemde plaas.

BYLAE II.

Nuwe gedeelte van plaaspad 1625.
Van 'n punt op plaaspad 1625 op die plaas Indhlunkulu 331 algemeen suidwaarts oor die plaas Indhlunkulu 331, die suidwestelike hoekbaken van die plaas Manina 335 en Welgedacht 593 om aan te sluit by grootpad 58 op laasgenoemde plaas.

PROCLAMATIONS

BY THE HONOURABLE JOHANNES GERT HENDRIK VAN DER WATH, ADMINISTRATOR OF SOUTH WEST AFRICA.

AND

BY THE HONOURABLE DIRK FREDERIK MUDGE, ACTING ADMINISTRATOR OF SOUTH WEST AFRICA.

No. 105 of 1970.]

Under and by virtue of the powers vested in me by section 5 of the Roads Ordinance, 1962 (Ordinance 28 of 1962) I do hereby declare that, in the district of Gobabis the road, as described in schedule I hereof shall be closed and the road described in schedule II shall be a new portion of farm road 1625.

Given under my hand and seal in Windhoek on this the 21st day of October 1970.

D. F. MUDGE,
Acting Administrator

SCHEDULE I.

<i>Description of road.</i>	<i>Portion closed.</i>
The road described as farm road 1625 in Schedule I of Proclamation 31 of 1954.	From a point on farm road 1625 near the eastern boundary of the farm Indhlunkulu 331 generally eastwards across the farms Indhlunkulu 331 and Manina 335 to a point where it connects with main road 58 on the last-mentioned farm.

SCHEDULE II.

New portion of farm road 1625.
From a point on farm road 1625 on the farm Indhlunkulu 331 generally southwards across the farm Indhlunkulu 331, the southwestern corner beacon of the farms Manina 335 and Welgedacht 593 to connect with main road 58 on the last-mentioned farm.

No. 106 van 1970].

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 5 van die Ordonnansie op Paaie 1962 (Ordonnansie 28 van 1962) verklaar ek hierby dat die paaie in die distrikte Maltahöhe en Gibeon soos beskryf in die bylae hiervan gesluit word.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie die 21ste dag van Oktober 1970.

D. F. MUDGE,
Waarnemende Administrateur

BYLAE.

Beskrywing van pad.

Die pad beskryf as plaaspad 802 in Bylae II van Proklamasie 43 van 1954.

Gedeelte gesluit.

Van 'n punt op die noordwestelike grens van die plaas Hohenfelde 41 in die distrik Maltahöhe algemeen suidooswaarts oor die plaas Hohenfelde 41 tot op 'n punt op die oostelike grens van genoemde plaas; vandaar voortgaande in die distrik Gibeon oor die plaas Uibis 34 tot by 'n punt waar dit by plaaspad 803 op laasgenoemde plaas aansluit.

Die pad beskryf as plaaspad 803 in Bylae II van Proklamasie 43 van 1954 en in Bylae III van Proklamasie 38 van 1955.

Van 'n punt op die westelike grens van die plaas Schwartrand Nord 47 in die distrik Maltahöhe algemeen noordooswaarts oor die plaas Schwartrand Nord 47, en Hohenfelde 41 tot by 'n punt op die oostelike grens van laasgenoemde plaas; vandaar voortgaande in die distrik Gibeon oor die plaas Uibis 34 tot by 'n punt op plaaspad 1085 op laasgenoemde plaas.

No. 106 of 1970.]

Under and by virtue of the powers vested in me by section 5 of the Roads Ordinance, 1962 (Ordinance 28 of 1962) I do hereby declare that the roads, in the districts of Maltahöhe and Gibeon as described in the schedule hereof shall be closed.

Given under my hand and seal in Windhoek on this the 21st day of October 1970.

D. F. MUDGE,
Acting Administrator

SCHEDULE.

Description of road.

The road described as farm road 802 in Schedule II of Proclamation 43 of 1954.

Portion closed.

From a point on the north-western boundary of the farm Hohenfelde 41 in the district of Maltahöhe generally southeastwards across the farm Hohenfelde 41 to a point on the eastern boundary of the said farm thence continuing in the district of Gibeon across the farm Uibis 34 to a point where it connects with farm road 803 on the last-mentioned farm.

The road described as farm road 803 in Schedule II of Proclamation 43 of 1954 and in Schedule III of Proclamation 38 of 1955.

From a point on the western boundary of the farm Schwartrand Nord 47, in the district of Maltahöhe, generally northeastwards across the farms Schwartrand Nord 47 and Hohenfelde 41 to a point on the eastern boundary of the last-mentioned farm thence continuing in the district of Gibeon across the farm Uibis 34 to a point on farm road 1085 on the last-mentioned farm.

No. 107 van 1970.]

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 5 van die Ordonnansie op Paaie 1962 (Ordonnansie 28 van 1962) verklaar ek hierby dat in die distrik Grootfontein die pad beskryf in Bylae I hiervan, gesluit is en die pad beskryf in Bylae II distrikspad 2845 word.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie die 8ste dag van Oktober 1970.

J. G. H. VAN DER WATH,
Administrateur

BYLAE I.

Beskrywing van pad.

Die pad beskryf as plaaspad 2892 in Proklamasie 5 van 1961 en in Bylae II van Proklamasie 75 van 1961.

Gedeelte gesluit.

Die hele.

No. 107 of 1970.]

Under and by virtue of the powers vested in me by section 5 of the Roads Ordinance, 1962 (Ordinance 28 of 1962) I do hereby declare that in the district of Grootfontein the road as described in Schedule I hereof, shall be closed and the road described in Schedule II, shall be closed.

Given under my hand and seal in Windhoek on this the 8th day of October 1970.

J. G. H. VAN DER WATH,
Administrator

SCHEDULE I.

Description of road.

The road described as farm road 2892 in Proclamation 25 of 1961 and in Schedule II of Proclamation 75 of 1961.

Portion closed.

The whole.

BYLAE II.

Distrikspad 2845.

Van 'n punt op distrikspad 2874 op die plaas Erfdeel 948 algemeen noordwaarts oor die plase Erfdeel 948 Eden 949, Mooilaagte 944, Sonskyn 988, Welverdiend 926, Gedeelte 1 genoem Nuwerus van Lankverwag 925, Gedeelte 1 genoem Nuwerus van Andrada 924, Andrada 924 en Nurugas 923 om aan te sluit by grootpad 74 op laasgenoemde plaas.

No. 108 van 1970.]

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 5 van die Ordonnansie op Paaie 1962 (Ordonnansie 28 van 1962) verklaar ek hierby dat 'n gedeelte van plaaspad 1241 in die distrik Rehoboth gesluit word van 'n punt op plaaspad 1213 op die plaas Judaä Ost 118 algemeen suidooswaarts oor die plase Judaä Ost 118 en Gemini 119 tot waar dit aansluit by plaaspad 1321 op laasgenoemde plaas.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie die 21ste dag van Oktober 1970.

D. F. MUDGE,
Waarnemende Administrateur

No. 109 van 1970.]

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 5 van die Ordonnansie op Paaie 1962 (Ordonnansie 28 van 1962) verklaar ek hierby dat 'n gedeelte van plaaspad 2658 in die distrik Outjo gesluit word van 'n punt op distrikspad 2666 op die plaas Persephone 61 algemeen noordwaarts oor die plase Persephone 61, Dameron 62 en Schwarzenstein 16 tot by 'n punt op die noordoostelike grens van laasgenoemde plaas.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie die 21ste dag van Oktober 1970.

D. F. MUDGE,
Waarnemende Administrateur

No. 110 van 1970.]

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 5 van die Ordonnansie op Paaie 1962 (Ordonnansie 28 van 1962) verklaar ek hierby dat plaaspad 2642 in die distrik Outjo soos geproklameer in Bylae II van Proklamasie 56 van 1955, gesluit word.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie die 21ste dag van Oktober 1970.

D. F. MUDGE,
Waarnemende Administrateur

SCHEDULE II.

District road 2845.

From a point on district road 2874 on the farm Erfdeel 948 generally northwards across the farms Erfdeel 948, Eden 949, Mooilaagte 944, Sonskyn 988, Welverdiend 926, Portion 1, called Nuwerus of Lankverwag 925, Portion 1, called Nuwerus, of Andrada 924, Andrada 924 and Nurugas 923 to join main road 74 on the last-mentioned farm.

No. 108 of 1970.]

Under and by virtue of the powers vested in me by section 5 of the Roads Ordinance, 1962 (Ordinance 28 of 1962) I do hereby declare that a portion of farm road 1241 in the district of Rehoboth be closed from a point on farm road 1213 on the farm Judaä Ost 118 generally southeastwards across the farms Judaä Ost 118 and Gemini 119 to where it connects with farm road 1321 on the last-mentioned farm.

Given under my hand and seal in Windhoek on this the 21st day of October 1970.

D. F. MUDGE,
Acting Administrator

No. 109 of 1970.]

Under and by virtue of the powers vested in me by section 5 of the Roads Ordinance, 1962 (Ordinance 28 of 1962) I do hereby declare that a portion of farm road 2658 in the Outjo district be closed from a point on district road 2666 on the farm Persephone 61 generally northwards across the farms Persephone 61, Dameron 62 and Schwarzenstein 16 to a point on the northeastern boundary of the last-mentioned farm.

Given under my hand and seal in Windhoek on this the 21st day of October 1970.

D. F. MUDGE,
Acting Administrator

No. 110 of 1970.]

Under and by virtue of the powers vested in me by section 5 of the Roads Ordinance, 1962 (Ordinance 28 of 1962) I do hereby declare that farm road 2642 in the Outjo district as proclaimed in Schedule II of Proclamation 56 of 1955, be closed.

Given under my hand and seal in Windhoek on this the 21st day of October 1970.

D. F. MUDGE,
Acting Administrator

No. 111 van 1970.]

WYSIGING VAN STIGTINGSVOORWAARDES.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 31A (2) van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) soos gewysig, verklaar ek hierby dat Proklamasie 15 van 1968 soos volg gewysig word:

Deur die vervanging van artikel 4 (13) (d) deur die volgende nuwe omskrywing:

(d) „Petrolvulstasie” beteken 'n gebou of struktuur wat vir handel of winsdoeleindes aangewend word vir die verskaffing van brandstof in die vorm van petrol, olie of ander vloeibare brandstof aan motorvoertuie, die afsmeer en instandhouding van motorvoertuie, die verkoop van motorvoertuigonderdele en sigarette en koeldranke in fabriekshouers aan die publiek: Met dien verstande dat duikkloppers, verfspuitwerk, herstel of aftakeling van voertuie of voertuigonderdele (kleinere verstellings uitgeslote) nie as instandhouding beskou word nie.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie die 6de dag van November 1970.

D. F. MUDGE,
Waarnemende Administrateur

No. 111 of 1970.]

AMENDMENT OF CONDITIONS OF ESTABLISHMENT.

Under and by virtue of the powers in me vested by section 31A (2) of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963) as amended, I do hereby declare that Proclamation 15 of 1968 be amended as follows:

By the substitution for section 4 (13) (d) of the following redefinition:

(d) “Petrol filling station” means a building or structure used by way of trade or for purposes of gain for the supply of fuel in the form of petrol, oil or other liquid fuel to motor vehicles, the lubrication and maintenance of motor vehicles, the sale of motor vehicle spare parts and cigarettes and cool drinks in factory containers to the public: Provided that panel beating, spray painting, repair or disassembling of motor vehicle spare parts (smaller adjustments excluded) shall not be regarded as maintenance.”

Given under my hand and seal in Windhoek on this the 6th day of November 1970.

D. F. MUDGE,
Acting Administrator

No. 112 van 1970.]

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 5 van die Ordonnansie op Paaie 1962 (Ordonnansie 28 van 1962) verklaar ek hierby dat in die distrik Warmbad die paaie soos beskryf in bylae I hiervan, gesluit word en die grootpad soos beskryf in bylae II, grootpad 97 word.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie die 21ste dag van Oktober 1970.

D. F. MUDGE,
Waarnemende Administrateur.

BYLAE I

skrywing van pad	Geslote Gedeelte
pad beskryf as distriks- pad 274 in bylae IV van proklamasie 6 van 1955.	Die hele.
pad beskryf as distriks- pad 299 in Bylae IV van proklamasie 6 van 1955.	Die hele.

BYLAE II
GROOTPAD 97

Van 'n punt op hoofpad 1, seksie 1, op die plaas nau S.W. 16 algemeen weswaarts oor die plase Grunau S.W. 16, Kirchberg 13, Gedeelte 1 (Naupoort) van Kirchberg 13, Gedeelte 1 (Naupoort) van Wetterkopf 12, Wetterkopf 12, Bremen 4, Gedeelte 1 (Lübeck Oos) van Lübeck 2, Lübeck 2, Altdorn 3, Harm 376, Kwaggasnek 349 en State Ground tot by die hoof ingangshek van die hot springs Klein Ai-Ais.

No. 112 of 1970.]

Under and by virtue of the powers vested in me by section 5 of the Roads Ordinance, 1962 (Ordinance 28 of 1962) I do hereby declare that in the district of Warmbad the roads as described in Schedule I hereof, shall be closed, and the road as described in schedule II, shall be main road 97.

Given under my hand and seal in Windhoek on this the 21st day of October 1970.

D. F. MUDGE,
Acting Administrator.

SCHEDULE I

Description of road	Portion closed
The road described as district road 274 in Schedule IV of Proclamation 6 of 1955.	The whole.
The road described as district road 299 in Schedule IV of Proclamation 6 of 1955	The whole.

SCHEDULE II
MAIN ROAD 97

From a point on trunk road 1, section 1 on the farm Grunau S.W. 16 generally westwards across the farms Grunau S.W. 16, Kirchberg 13, Portion 1 (Naupoort) of Kirchberg 13, Portion 1 (Naupoort) of Wetterkopf 12, Wetterkopf 12, Bremen 4, Portion 1 (Lübeck Oos) of Lübeck 2, Lübeck 2, Altdorn 3, Harm 376, Kwaggasnek 349 and State Ground to the main entrance gate to the hot springs at Klein Ai-Ais.

Goewermentskennisgewings.

Government Notices.

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

J. J. KLOPPER,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 160.]

[1 Desember 1970

Dit behaag die Administrateur om kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel 243 gelees met artikel 274 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) sy goedkeuring te heg aan die onderstaande wysiging van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 23 van 1955 soos op die Munisipaliteit van Lüderitz toegepas by Goewermentskennisgewing 3 van 1956 en gewysig by Goewermentskennisgewings 41, 167, 178, 199 en 235 van 1956, 118 en 202 van 1957, 19 en 64 van 1959, 31 en 76 van 1961, 124 van 1962, 156 van 1963, 100 van 1969 en 28 van 1970.

MUNISIPALITEIT VAN LÜDERITZ.

WYSIGING VAN GESONDHEIDSREGULASIES.

Die Gesondheidsregulasies van die Munisipaliteit van Lüderitz word hierby verder soos volg gewysig:

HOOFSUK II.

OORLAS.

Skraping van regulasie (2) en die vervanging daarvan deur die volgende nuwe regulasie (2):

„(2) Niemand mag op enige perseel of grond of naby enige straat, publieke deurgang, geproklameerde of publieke pad of 'n openbare plek of gemeenskaplike grond, strand, strandgebied, kusstrook of kampeerplek binne die munisipale gebied, enige vuilgoed, vullis, afvalmateriaal, in-onbruikgemaakte voertuie of masjinerie, in-onbruikgemaakte onderdele van voertuie of masjinerie, tuin- of stal-afval of enige ander materiaal wat aanstootlik of 'n ontsiering is van die dorp of die omgewing, hou, ophoop, plaas, gooi, mors of laat, of toelaat dat dit daar gehou, opgehoop, geplaas, gegooi, gemors of gelaat word nie, uitgesonderd in 'n goedgekeurde vullishouer op sy grond of perseel of op 'n perseel wat die Raad vir die doel goedgekeur het.”

The following Government Notices are published for general information.

J. J. KLOPPER,
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 160.]

[1 December 1970

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers in him vested by section 243 read with section 274 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) to approve the following amendment of the regulations promulgated by Government Notice 23 of 1955, as applied to the Municipality of Lüderitz by Government Notice 3 of 1956 and amended by Government Notices 41, 167, 178, 199 and 235 of 1956, 118 and 202 of 1957, 19 and 64 of 1959, 31 and 76 of 1961, 124 of 1962, 156 of 1963, 100 of 1969 and 28 of 1970.

LÜDERITZ MUNICIPALITY.

AMENDMENT OF HEALTH REGULATIONS.

The Health Regulations of the Municipality of Lüderitz are hereby further amended as follows:

CHAPTER II.

NUISANCES.

By the deletion of regulation (2) and the substitution therefor of the following new regulation (2):

“(2) No person shall keep, accumulate, place, throw, spill or leave or suffer to keep, accumulate, place, throw, spill or leave on any land or premises, near any street, public thoroughfare, proclaimed or public road, public place or common land, beach, beach area, shore or camping site within the municipal area, any rubbish, refuse, waste material, disused vehicles or machinery, disused parts of vehicles or machinery, garden or stable litter or any other material which is offensive or a disfigurement to the environment of the town, except in an approved refuse receptacle on his land or premises or upon a site approved by the Council for the purpose.”

No. 161.]

[1 Desember 1970. No. 161.]

[1 December 1970.

MUNISIPALITEIT VAN GOBABIS

MUNICIPALITY OF GOBABIS

Dit behaag die Administrateur om ingevolge die bepalings van artikel 3(1)(a) van die Ordonnansie Insake Jeffings en Bydraes vir Inboorlingbehuising 1961 (Ordonnansie 33 van 1961) paragraaf (ii) van Goewermentskennisgewing 58 van 1967 te wysig deur die syfer „60c” na die woord „Gobabis” te vervang deur die syfer „R1.00”.

The Administrator has been pleased, in terms of section 3(1)(a) of the Native Housing Levy and Contributions Ordinance, 1961 (Ordinance 33 of 1961) to amend paragraph (ii) of Government Notice 58 of 1967 by the substitution for the figure “60c” where it appears after the word “Gobabis” of the figure “R1.00”.

No. 1974.]

[13 November 1970. No. 1974.]

13 November 1970.

SUID-AFRIKAANSE SPOORWEEË.

SOUTH AFRICAN RAILWAYS.

(AFDELING HAWENS).

(HARBOURS SECTION).

Dit het die Staatspresident behaag om die volgende ere ingevolge artikel 41 van Wet no. 70 van 1957, met ingang van 1 Oktober 1970 as lede van die Adviserende Laweraad, Walvisbaai, aan te stel:

The State President has been pleased, in terms of Section 41 of Act No. 70 of 1957, to appoint the following gentlemen as members of the Walvis Bay Harbour Advisory Board with effect from 1st October, 1970:-

VIR 'N TYDPERK VAN DRIE JAAR MET INGANG VAN 1 OKTOBER 1970.

FOR A PERIOD OF THREE YEARS WITH EFFECT FROM 1ST OCTOBER 1970.

*Verteenwoordigende:**Representing:*

nr. Colin Earl Bell Skeepsbelange.
nr. Marthinus Christoffel Botma Persone wat kaaigeld, lossings-, verskepings-, of oorskepingskoste betaal.
nr. Casper Hendrik Badenhorst Landboubelange.
nr. Hermann Wilhelm Otto Bühr Ander belange.

Mr. Colin Earl Bell Shipping interests.
Mr. Marthinus Christoffel Botma Persons paying wharfage, landing, shipping or transshipping charges.
Mr. Casper Hendrik Badenhorst Agricultural interests.
Mr. Hermann Wilhelm Otto Bühr Other interests.

VIR 'N TYDPERK VAN EEN JAAR MET INGANG VAN 1 OKTOBER 1970.

FOR A PERIOD OF ONE YEAR WITH EFFECT FROM 1ST OCTOBER, 1970.

DEUR DIE STADSRAAD BENOEM.

NOMINATED BY MUNICIPAL COUNCIL.

Mnr. Evert Phillipus van Rooyen.

Mr. Evert Phillipus van Rooyen.

DEUR VAKVERENIGINGS BENOEM.

NOMINATED BY TRADE UNIONS.

Mnr. Lourenz Michael Hesse.

Mr. Lourenz Michael Hesse.

DEUR DIE KAMER VAN KOOPHANDEL BENOEM.

NOMINATED BY CHAMBER OF COMMERCE.

Mnr. Vernon Iver Viljoen.

Mr. Vernon Iver Viljoen.

DEUR DIE AFRIKAANSE SAKEKAMER BENOEM.
Mnr. Frederick Julius Troost.

NOMINATED BY AFRIKAANSE SAKEKAMER.

Mr. Frederick Julius Troost.

DEUR DIE KAMER VAN KOOPHANDEL EN DIE AFRIKAANSE SAKEKAMER GESAMENTLIK BENOEM.

NOMINATED BY CHAMBER OF COMMERCE AND AFRIKAANSE SAKEKAMER JOINTLY.

Mnr. Stransham Edward Muller.

Mr. Stransham Edward Muller.

No. R. 2026 (Republiek).]

[20 November 1970

No. R. 2026 (Republiek).]

[20 November 1970

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.

WYSIGING VAN BYLAE NO. 1 (NO. 1/1/40).

Ek, NICOLAAS DIEDERICHS, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 48 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, wysig hierby Bylae No. 1 van genoemde Wet in the mate in die Bylae hiervan aangetoon.

N. DIEDERICHS,
Minister van Finansies.

BYLAE.

I Tariefpos	II Statistiese Eenheid	III Skaal van Reg			V Voorkeur
		Algemeen	M.B.N.		
29.06 Deur na subpos No. 29.06.70 die volgende in te voeg:					
„29.06.80 2,6-Ditersiëre-butiel-p-kresol gestireeneerde fenole, 2,2'-metileen-bis-(4-metiel-6 tersiëre-butiefenol), en gealkileerde fenole en ander ariel eenkernige of veelkernige fenole, of alkiel eenkernige of veelkernige fenole waar die alkielgroep, of enige individuele alkielgroep, drie of meer koolstof-atome bevat, van 'n soort gebruik as antioksideermiddels	lb.	25%”			
29.22 Deur na subpos No. 29.22.60 die volgende in te voeg:					
„29.22.70 Feniel betanaftielamien, feniel alfanaf-tielamien, n-nitrosodifenielamien, n,n' difeniel parafenileendiamien, n-isopropiel-n'-feniel-p-fenileendiamien, n-sikloheksiel-n'-p-fenileendiamien, n'-isopropiel-n-feniel parafenileendiamien, geoktileerde difenielamien en ander nitroso-amiene en verbindings of derivate van difenielamien en fenileendiamiene, van 'n soort gebruik as vulkanisasievertraagmiddels of anti-oksideermiddels	lb.	25%”			

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964.

AMENDMENT OF SCHEDULE NO. 1 (NO. 1/1/40).

I, NICOLAAS DIEDERICHS, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section 48 of the Customs and Excise Act, 1964, hereby amend Schedule No. 1 to the said Act to the extent set out in the Schedule hereto.

N. DIEDERICHS,
Minister of Finance.

SCHEDULE.

I Tariff Heading	II Statistical Unit	III Rate of Duty			V Preferential
		General	M.F.N.		
29.06 By the insertion after subheading No. 29.06.70 of the following:					
“29.06.80 2,6-Ditertiary-butyl-p-cresol, styrenated phenols, 2,2'-methylene-bis-(4-methyl-6 tertiary-butyl phenol), and alkylated phenols and other aryl mononuclear or polynuclear phenols, or alkyl mononuclear or polynuclear phenols where the alkyl-group, or any individual alkylgroup, contains three or more carbon atoms, of a kind used as anti-oxidants	lb.	25%”			
29.22 By the insertion after subheading No. 29.22.60 of the following:					
“29.22.70 Phenyl beta naphthylamine, phenyl alpha naphthylamine, n-nitroso diphenylamine, n,n'diphenyl paraphenylene diamine, n-isopropyl-n'-phenyl-p-phenylene diamine, n-cyclohexyl-n'-p-phenylene diamine, n'-isopropyl-n-phenyl paraphenylene diamine, octylated diphenylamine and other nitrosoamines and compounds or derivatives of diphenylamine and phenylene diamines, of a kind used as vulcanisation retarders or anti-oxidants	lb.	25%”			

<p>29.31 Deur na subpos No. 29.31.80 die volgende in te voeg:</p>	<p>lb.</p>	<p>25%"</p>	<p>29.31 By the insertion after subheading No. 29.31.80 of the following:</p>	<p>lb.</p>	<p>25%"</p>
<p>29.31.85 Tetrametieltiuraamdisulfied, tetrametieltiuraammonosulfied, tetra-etieltiuraamdisulfied, sinkdiëtieltiokarbamaat en ander tiuraamsulfiede en ditiokarbamate, van 'n soort gebruik as vulkanisasiever-snellers</p>			<p>"29.31.85 Tetramethylthiuram disulphide, tetramethylthiuram monosulphide, tetra-ethylthiuram disulphide, zinc diethyl dithiocarbamate and other thiuram sulphides and dithiocarbamates, of a kind used as vulcanisation accelerators</p>		
<p>29.35 Deur na subpos No. 29.35.85 die volgende in te voeg:</p>	<p>lb.</p>	<p>25%"</p>	<p>29.35 By the insertion after subheading No. 29.35.85 of the following:</p>	<p>lb.</p>	<p>25%"</p>
<p>„29.35.88 2-Merkaptobensotiasool, bensotiasieldisulfied, n-sikloheksiel 2-bensotiasielsulfenamied, n-terciëre butiel 2-bensotiasielsulfenamied, 2(2,6-dimetiel-4-morfolinotio) bensotiasool, sinksout van 2-merkaptobensotiasool, gepolimeriseerde 2,2,4-trimetiel-1, 2-dihidrokinolien, 6-etoksi 2,2,4-trimetiel 1,2 dihidrokinolien en ander bensotiasoolverbindinge en kinolienverbindinge en derivate daarvan, van 'n soort gebruik as vulkanisasieversnellers of anti-oksideermiddels</p>			<p>"29.35.88 2-Mercaptobenzothiazole, benzothiazyl disulphide, n-cyclohexyl 2-benzothiazyl sulphenamamide, n-tertiary butyl 2-benzothiazyl sulphenamide, 2(2, 6-dimethyl-4-morpholinotio) benzothiazole, zinc salt of 2-mercaptobenzothiazole, polymerised 2,2,4-trimethyl-1,2-dihydroquinoline, 6-ethoxy 2, 2,4-trimethyl 1, 2 dihydroquinoline and other benzothiazole compounds and quinoline compounds and derivatives thereof, of a kind used as vulcanisation accelerators or anti-oxidants</p>		
<p>38.15 Deur in tariefpos No. 38.15 die skaal van reg in Kolom III deur die volgende te vervang:</p>		<p>„25%"</p>	<p>38.15 By the substitution in tariff heading No. 38.15 for the rate of duty in Column III of the following:</p>		<p>"25%"</p>
<p>38.19 Deur na subpos No. 38.19.75 die volgende in te voeg:</p>	<p>lb.</p>	<p>25%"</p>	<p>38.19 By the insertion after subheading No. 38.19.75 of the following:</p>	<p>lb.</p>	<p>25%"</p>
<p>„38.19.77 Bereide rubberanti-oksideermiddels</p>			<p>"38.19.77 Prepared rubber antioxidants</p>		

OPMERKING — Spesifieke voorsiening, teen 'n skaal van reg van 25%, word gemaak vir sekere anti-oksideermiddels, vulkanisasievertraagmiddels en vulkanisasieversnellers.

NOTE — Specific provision, at a rate of duty of 25%, is made for certain anti-oxidants, vulcanisation retarders and vulcanisation accelerators.

No. R. 2027 (Republiek).]

[20 November 1970

DOEANE- EN AKSYNWET, 1964.

WYSIGING VAN BYLAE NO. 1 (NO. 1/1/41).

Ek, NICOLAAS DIEDERICHS, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 48 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, wysig hierby Bylae No. 1 van genoemde Wet in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

N. DIEDERICHS,
Minister van Finansies.

BYLAE.

I	II	III	IV	V
Tariefpos	Statistiese Eenheid	Skaal van Reg Algemeen	M.B.N.	Voorkeur
29.35 Deur na subpos No. 29.35.50 die volgende in te voeg:				
„29.35.55 Fenolftaleien (uitgesonderd jodofenolftaleien)	lb.	25%”		

OPMERKING — Spesifieke voorsiening word gemaak vir fenolftaleien (uitgesonderd jodofenolftaleien) en die reg daarop word van 10% na 25% verhoog.

No. R. 2027 (Republic).]

[20 November 1970

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964.

AMENDMENT OF SCHEDULE NO. 1 (NO. 1/1/41).

I, NICOLAAS DIEDERICHS, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section 48 of the Customs and Excise Act, 1964, hereby amend Schedule No. 1 to the said Act to the extent set out in the Schedule hereto.

N. DIEDERICHS,
Minister of Finance.

SCHEDULE.

I	II	III	IV	V
Tariff Heading	Statistical Unit	Rate of Duty General	M.F.N.	Preferential
29.35 By the insertion after subheading No. 29.35.50 of the following:				
29.35.55 Phenolphthalein (excluding iodophenolphthalein)	lb.	25%”		

NOTE — Specific provision is made for phenolphthalein (excluding iodophenolphthalein) and the duty thereon is increased from 10% to 25%.

No. R. 2028 (Republiek).]

[20 November 1970

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.

WYSIGING VAN BYLAE NO. 1 (NO. 1/1/42).

Ek, NICOLAAS DIEDERICHS, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 48 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, wysig hierby Bylae No. 1 van genoemde Wet in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

N. DIEDERICHS,
Minister van Finansies.

BYLAE.

I	II	III	IV	V
Tariefpos	Statistiese Eenheid	Skaal van Reg Algemeen	M.B.N.	Voorkeur
50.09 Deur subpos No. 50.09.15.90 deur die volgende te vervang:				
„90 Ander	vk. jt.	25% of 40c per vk. jt.	20% of 35c per vk. jt.”	

No. R. 2028 (Republic).]

[20 November 1970

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964.

AMENDMENT OF SCHEDULE NO. 1 (NO. 1/1/42).

I, NICOLAAS DIEDERICHS, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section 48 of the Customs and Excise Act, 1964, hereby amend Schedule No. 1 to the said Act to the extent set out in the Schedule hereto.

N. DIEDERICHS,
Minister of Finance.

SCHEDULE.

I	II	III	IV	V
Tariff Heading	Statistical Unit	Rate of Duty General	M.F.N.	Preferential
50.09 By the substitution for subheading No. 50.09.15.90 of the following:				
“90 Other	sq. yd.	25% or 40c per sq. yd.	20% or 35c per sq. yd.”	

Deur die opskrif van subpos No. 50.09.20 deur die volgende te vervang:

„Stowwe van sintetiese vesels wat nie kamwol of ander gekamde dierehaar bevat nie en stowwe van selluloseiese vesels wat minstens 30 persent kamwol of ander gekamde dierehaar of sintetiese vesels of mengsels daarvan bevat, met 'n gewig per vk. jt. van minstens 4.2 oz. en met 'n waarde vir belastingdoeleindes per vk. jt. van meer as 30c”

By the substitution for the heading of subheading No. 50.09.20 of the following:

“Fabrics of synthetic fibres not containing combed wool or other combed animal hair and fabrics of cellulosic fibres containing 30 per cent or more combed wool or other combed animal hair or synthetic fibres or mixtures thereof, of a weight per sq. yd. of 4.2 oz. or more and of a value for duty purposes per sq. yd. exceeding 30c:”

50.10 Deur die opskrif van subpos No. 50.10.20 deur die volgende te vervang:

„Stowwe van sintetiese vesels wat nie kamwol of ander gekamde dierehaar bevat nie en stowwe van selluloseiese vesels wat minstens 30 persent kamwol of ander gekamde dierehaar of sintetiese vesels of mengsels daarvan bevat, met 'n gewig per vk. jt. van minstens 4.2 oz. en met 'n waarde vir belastingdoeleindes per vk. jt. van meer as 30c:”

50.10 By the substitution for the heading of subheading No. 50.10.20 of the following:

“Fabrics of synthetic fibres not containing combed wool or other combed animal hair and fabrics of cellulosic fibres containing 30 per cent or more combed wool or other combed animal hair or synthetic fibres or mixtures thereof, of a weight per sq. yd. of 4.2 oz. or more and of a value for duty purposes per sq. yd. exceeding 30c:”

51.04 Deur subpos No. 51.04.65 deur die volgende te vervang:

„51.04.75 Ander stowwe van sintetiese vesels wat diskontinu-vesels bevat, met 'n gewig per vk. jt. van minstens 4.2 oz. en met 'n waarde vir belastingdoeleindes per vk. jt. van meer as 30c:

51.04 By the substitution for subheading No. 51.04.65 of the following:

“51.04.75 Other fabrics of synthetic fibres containing discontinuous fibres, of a weight per sq. yd. of 4.2 oz. or more and of a value for duty purposes per sq. yd. exceeding 30c:

.10 Met 'n waarde vir belastingdoeleindes per vk. jt. van hoogs- tens 52c

vk. jt.	80% min 7c per vk. jt.	80% min 12c per vk. jt.
---------	---------------------------------	----------------------------------

.10 Of a value for duty purposes per sq. yd. not exceeding 52c

sq. yd.	80% less 7c per sq. yd.	80% less 12c per sq. yd.
---------	----------------------------------	-----------------------------------

90 Ander

vk. jt.	25% of 35c per vk. jt.	20% of 30c per vk. jt.
---------	------------------------------	------------------------------

.90 Other

sq. yd.	25% or 35c per sq. yd.	20% or 30c per sq. yd.
---------	------------------------------	------------------------------

51.04.80 Ander stowwe van sellulosiese vesels wat minstens 30 persent kamwol of ander gekamde dierehaar of sintetiese vesels of mengsels daarvan bevat, met 'n gewig per vk. jt. van minstens 4.2 oz. en met 'n waarde vir belastingdoeleindes per vk. jt. van meer as 30c:				51.04.80 Other fabrics of cellulosic fibres containing 30 per cent or more combed wool or other combed animal hair or synthetic fibres or mixtures thereof, of a weight per sq. yd. of 4.2 oz. or more and of a value for duty purposes per sq. yd. exceeding 30c:			
.10 Met 'n waarde vir belastingdoeleindes per vk. jt. van hoogstens 52c	vk. jt.	80% min 7c per vk. jt.	80% min 12c per vk. jt.	.10 Of a value for duty purposes per sq. yd. not exceeding 52c	sq. yd.	80% less 7c per sq. yd.	80% less 12c per sq. yd.
.90 Ander	vk. jt.	25% of 35c per vk. jt.	20% of 30c per vk. jt."	.90 Other	sq. yd.	25% or 35c per sq. yd.	20% or 30c per sq. yd."
56.07 Deur na subpos No. 56.07.36 die volgende in te voeg:				56.07 By the insertion after subheading No. 56.07.36 of the following:			
„56.07.37 Stowwe van sellulosiese vesels wat minstens 30 persent sintetiese vesels bevat, met 'n gewig per vk. jt. van minstens 4.2 oz. en met 'n waarde vir belastingdoeleindes per vk. jt. van meer as 30c:				„56.07.37 Fabrics of cellulosic fibres containing 30 per cent or more synthetic fibres, of a weight per sq. yd. of 4.2 oz. or more and of a value for duty purposes per sq. yd. exceeding 30c:			
.10 Met 'n waarde vir belastingdoeleindes per vk. jt. van hoogstens 52c	vk. jt.	80% min 7c per vk. jt.	80% min 12c per vk. jt.	.10 Of a value for duty purposes per sq. yd. not exceeding 52c	sq. yd.	80% less 7c per sq. yd.	80% less 12c per sq. yd.
.90 Ander	vk. jt.	25% of 35c per vk. jt.	20% of 30c per vk. jt."	.90 Other	sq. yd.	25% or 35c per sq. yd.	20% or 30c per sq. yd."

OPMERKINGS —

1. Die voorsiening by subposte Nos. 50.09.20 en 50.10.20 word uitgebrei om sekere stowwe van sellulosiese vesels wat minstens 30 persent gekamde dierehaar of sintetiese vesels of mengsels van kamwol, gekamde dierehaar en sintetiese vesels bevat, in te sluit.
2. Subpos No. 51.04.65 word geskrap en voorsiening word by subposte Nos. 51.04.75 en 51.04.80 gemaak vir sekere stowwe van sintetiese en sellulosiese vesels.
3. Spesifieke voorsiening word by subpos No. 56.07.37 gemaak vir sekere stowwe van sellulosiese vesels wat minstens 30 persent sintetiese vesels bevat.
4. Die skaal van reg by subpos No. 50.09.15.90 word gewysig in die mate aangetoon.

NOTES —

1. The provision in subheadings Nos. 50.09.20 and 50.10.20 is extended to include certain fabrics of cellulosic fibres containing 30 per cent or more combed animal hair or synthetic fibres or mixtures of combed wool, combed animal hair and synthetic fibres.
2. Subheading No. 51.04.65 is deleted and provision is made in subheadings Nos. 51.04.75 and 51.04.80 for certain fabrics of synthetic and cellulosic fibres.
3. Specific provision is made in subheading No. 56.07.37 for certain fabrics of cellulosic fibres containing 30 per cent or more synthetic fibres.
4. The rate of duty in subheading No. 50.09.15.90 is amended to the extent indicated.

o. R. 2029 (Republiek).]

[20 November 1970

No. R. 2029 (Republic).]

[20 November 1970

DOEANE- EN AKSYNWET, 1964.

WYSIGING VAN BYLAE NO. 1 (NO. 1/1/43).

Ek, NICOLAAS DIEDERICHS, Minister van Finansas, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by tikel 48 van die Doeane- en Aksynwet, 1964, wysig hierby Bylae No. 1 van genoemde Wet in die mate in die ylae hiervan aangetoon.

N. DIEDERICHS,
Minister van Finansies.

BYLAE.

I	II	III	IV	V
Tariefpos	Statistiese Eenheid	Skaal van Reg Algemeen		Voorkeur
			M.B.N.	
.40 Deur subpos No. 73.40.50 te skrap.				
.13 Deur na subpos No. 83.13.40 die volgende in te voeg:				
„83.13.50 Baalknippe, van yster of staal	lb.	3%		vry (V.K.)"

PMERKING — Subpos No. 73.40.50 word geskrap en spesifieke voorsiening vir baalknippe van yster of staal word by subpos No. 83.13.50 gemaak.

o. R. 2030 (Republiek).]

[20 November 1970

No. R. 2030 (Republic).]

[20 November 1970

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.

WYSIGING VAN BYLAE NO. 1 (NO. 1/1/44).

Ek, NICOLAAS DIEDERICHS, Minister van Finansas, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by tikel 48 van die Doeane- en Aksynwet, 1964, wysig hierby Bylae No. 1 van genoemde Wet in die mate in die ylae hiervan aangetoon.

N. DIEDERICHS,
Minister van Finansies.

BYLAE.

I	II	III	IV	V
Tariefpos	Statistiese Eenheid	Skaal van Reg Algemeen		Voorkeur
			M.B.N.	
.02 Deur na subpos No. 94.02.50 die volgende in te voeg:				
„94.02.90 Ander	getal	25%"		

